

LESHIA VISAGIE

Datum: 20 April 2011

Plek: Marion-Eiland

Vraagsteller (V): Dora Scott | Antarktiese Erfenis-projek | C-I-B | Stellenbosch Universiteit

Antwoordsteller (A): Leshia Visagie | DEA | Oseane en Kus Navorsing | oornames | 1994+

V: Goed. As ek reg verstaan is jy by DEA en Oceans and Coast betrokke by die *monitoring of the seabirds*?

A: Ja, die ou *MCM, Marine and Coastal Management*, is nou *Environmental Affairs: Oceans and Coast Research*.

V: So hoe werk dit nou? Het dit bietjie versplinter, of ... ?

A: Ons het laas jaar, April, het die departement *gesplit*. *MCM* het geskuif – al die *consumptive* na *non-consumptive* groepe, so alles soos die *Fisheries* het *Agriculture, Fisheries, Forestry* toe gegaan, en ons *non-consumptive* het by *Environmental Affairs* gebly. Maar dis eintlik half moeilik om te sê dat ons gebly het, want ons is eintlik uitgeskop. So nou smelt ons saam met Antarktika en Eilande, so ons het nou twee direkteure – Henry Valentine is hulle direkteur en Ashley Johnson ons s'n, maar ons is nou een groep, onder *Environmental Affairs*.

V: Oukei, so dis nog op hierdie stadium bietjie deurmekaar?

A: Ons vind nog ons voete, ja. *Ordering* en al daai goed is 'n nagmerrie, maar ons kom daar. Dis nou 'n jaar later en dinge gaan nou beter, so ... ja.

V: O, nee maar dis goed so. Nou sê my hoe het dit gekom dat jy betrokke geraak het by die monitor van seevoëls?

A: Ons het 'n projek. Rob Crawford is my baas, en ons het in 1994 'n projek begin hierso om met die seevoëls te werk. Ek dink daar's 'n langer studie wat John Cooper-hulle begin het baie jare terug, en toe't ons ook aansoek gedoen vir fondse – toe ons eerste jaar was '94 Oukei, so ons het 1994. Ja, toe't ons ons eerste groepie mense afgestuur. Maar daai jare was dit nog as jy 'n meisie is, dan kom jy nie eiland toe nie, en en en, so ek het gewag tot 1997 om te kom. Ek het elke jaar gevra en dit was net 'jy's 'n meisie, so jy gaan nie' ...

A: ... en op die ou end ...

V: Is dit so?

A: Ja.

V: Ten spyte daarvan dat daar al reeds in die '80's vroue spanlede afgestuur is?

A: Ja.

- A:** En toe't een van die ouens wat vir ons gewerk het, Denzel ...
- V:** Muller.
- A:** ... Muller, het na my baas toe gegaan en gesê ek moet 'n kans kry om te gaan, en dit is hoe ek hier uitgekome het vir die eerste keer. So ek was al 'n paar oornames hierso, soos '97, 2003, 2006, laas jaar, nou, en 'n paar *summer surveys*, 'n konstruksie ... kort, 15-dae *trippie* was ek hier gewees. Maar ja, dis hoe dit gebeur het. Ons ...
- V:** My magtie.
- A:** Ons het nie altyd studente wat kom nie. Ons stel mense aan vir die jaar en ons kom om hulle te leer wat om te doen, die data te kry van laas jaar, en die ander mense terug te vat. So dis nie heeltemal soos al die universiteite werk, met studente wat PhDs en *Masters* doen nie. Ons begin meer in daai rigting te beweeg, maar ons het gewoonlik maar kontrakwerkers wat vir 'n jaar werk.
- V:** So die *birders* wat vir 'n jaar hier bly, is dan eintlik julle kontrakwerkers?
- A:** Ja.
- V:** Oukei; doodreg.
- A:** So hulle hoef nie grade te hê om te kom nie. Ons stuur 'n advertensie uit elke jaar en kry klomp aansoeke, en kyk maar wie die beste is wat kan kom, en ons leer hulle van dag een af wat om te doen.
- V:** Fantasties. So waarvoor kyk julle in aansoekers?
- A:** Ons probeer nou maar mense kry wat 'n bietjie ondervinding het in veldwerk. As hulle met voëls al gewerk het, is dit beter. So ons het baie jare, het ons bitter min aansoeke gekry, want mense wou nie ... Ek weet nie ... Hulle het nie rêrig geweet waar Marion-eiland is nie, maar deesdae kry ons mense wat oorgekwalifiseer is amper wat kom, wat *post-doc* ... weet, hulle het grade en alles. Maar ons stuur hulle – as hulle bereid is om vir die salaris te werk, dan stuur ons hulle! So, ja; ons gee maar vir almal 'n kans, maar ons kyk maar wie sal die beste pas en ons doen onderhoude en ... ja. Hierdie jaar was bietjie moeilik, want hulle doen nou meer *drug-toetse* en allerhande goed en dinge wat mense laat uitval het, so dit was nogals 'n missie hierdie jaar gewees!
- V:** Is dit 'n vereiste van *DEA* dat hulle ... ?
- A:** Van hierdie jaar af, ja. Dis die eerste keer wat hulle dit doen, en ons het twee ouens gehad wat uitgeval het, want as jy nou iemand ... kyk na sy *CV*, en dit lyk fantasties; en jy ontmoet hom en dit lyk of hy gaan inpas in 'n jaarspan, weet jy mos nie wat hy na ure doen nie ...
- V:** Ja ... o.

- A:** En ek het ook nie geweet dat ek mense moet waarsku of moet vra gebruik hulle *drugs* en sulke tipe goed nie. So ja, ons het twee probleme gehad op die ou end van die dag.
- V:** Nou is daar 'n spesifieke rede waarom hulle dit ingestel het waarvan jy weet?
- A:** Geen idee nie. Ek het probeer uitvind hoekom nou, en hulle het ook, soos hulle sê, 'n *no tolerance*-ding, so as jy nou dié week uitgeval het, kan jy 20 keer na dit gaan na 'n dokter toe en negatief wees, maar jy't nou dié week, het jy nou die verkeerde dinge gedoen, so dan's jy uit. Dis nogals 'n groot storie. Die een ou het dagga gerook en hy't ... 'n naweek voor sy onderhoud, en hy't nie geweet nie; en hy sê as hy geweet het, het hy dit nie gedoen nie. Die ander ou het blykbaar pille gedrink vir 'n *migraine* en toe ... Toe't dit nogal 'n groot storie geraak, want hy't Carte Blanche toe gegaan; hy't sy hare laat toets om te wys ... jy kan blykbaar stukkie van jou hare vat en toets en dan wys dat jy vir 6 maande nie *drugs* gebruik nie. En hy was toe negatief, maar die departement het net besluit dis *no tolerance*. Ek meen, waar trek jy die lyn? Weet, as hulle dit besluit, dan besluit hulle dit. So, ek weet nie of hulle iewers 'n probleem gehad het met mense, dat hulle nou dit doen nie. Maar dit is 'n hoë risiko. As jy dalk so iets doen, dan moet hulle skip stuur om jou te kom haal. So ...
- V:** Ja. Of as jy ... Ja, en ek bedoel hulle moet op die ou end verantwoordelikheid neem.
- A:** Ja, ja.
- V:** Oukei; goed. Nou ... So jy's al betrokke vanaf '94?
- A:** Ek is betrokke van '94, meer soos in met die goed aankoop wat ons elke jaar nodig het en ek *train* gewoonlik die mense in Kaapstad, want ... omdat, as ons hier kom, is die *Rockhoppers* en die *Macaroni's* is klaar weg, want hulle verveer en dan gaan hulle weg, en ons moet *diet samples* doen, so ons leer hulle op die *African* pikkewyne op ons eilande in die Kaap. So ek vat hulle altyd vir 2 weke en leer hulle om *monitoring* te doen, *diet samples* en *GPS* te gebruik ... en ag, al daai tipe goetertjies wat hulle nodig gaan hê hierso.
- V:** Vertel my so bietjie meer van die voorbereiding wat hulle moet tref, of wat julle hulle laat tref vir hulle jaar hierso. Bietjie meer van die opleiding – jy't nou gesê om die *GPS* te gebruik. Is dit ... ?
- A:** Ja, ek vat hulle na 'n eiland toe en dan bly ons daar en ... Ek probeer maar soveel as moontlik vir hulle leer, want op die ou end van die dag ... baie van die mense het nog nooit van 'n *GPS* gehoor, of koördinate of enige sulke goed nie, en op die ou end kan dit jou lewe red hierso. So ek laat hulle net met voëls werk, die hantering van die voëls, hoe jy goed monitor, hoe jy groot kolonies tel. Ek vat hulle sommer Lambertsbaai toe, na die Malgas-kolonie, dat hulle sit en tel, want hierso is dit nogal ... skrik jy as jy by Kildalkey kom en hierso is hierdie ...
- V:** ... derduisende ...

- A:** ... duisende pikkewyne wat jy moet tel. So ek probeer vir hulle bietjie tegnieke leer en sulke tipe goed. Ja, en ek koop altyd vir hulle presentjies en steek dit weg, en gee vir hulle die GPS-koördinate, dat hulle moet gaan soek! So dan leer hulle ook vinnig om dit te gebruik.
- V:** Ja, natuurlik!
- A:** En al sulke goed. En ek probeer altyd advies gee oor ... Sodra ons die onderhoude gedoen het en ons weet dié mense gaan, om te sê kyk hoeveel tandepasta jy in 'n maand gebruik, dat jy weet hoeveel goed om te koop vir die jaar; en probeer maar allerhande ...
- V:** ... praktiese ...
- A:** ... praktiese, ja ... lewe op die eiland – reëls en al daai goed – leer.
- V:** Oukei. Nou voor julle begin het met die projek in '94, wat het jy geweet van Marion?
- A:** Ek het absoluut niks geweet van Marion nie; regtigwaar. Ek het in '89 begin by Seevisserye. Ek wou gaan marine bioloog *swot* het, en toe ... ag, het my paadjies net gekruis met Seevisserye. En ek het begin in die seevoël-seksie en ek het amper nie eens geweet 'n pikkewyn is 'n seevoël nie ... ! Jy weet, dit was amper so iets gewees. So ek het daar begin, 18 jaar oud, en ek was geleer hoe om my werk te doen van daar af. Ek het nog nooit gestudeer nie, want dit is ... Dit tyd gaan so vinnig verby en dit gaan van broeiseisoen tot broeiseisoen, so ... Ja, dis fantasties. En ek het glad nie geweet nie, en toe ek die eerste keer hiernatoe gekom het ook, het ek nie geweet waarvoor ek myself inlaat nie. Maar nou, elke keer bly 'n stukkie van jou hart agter; dis so fantastiese plek.
- V:** Ja, natuurlik ... So jy't sommer *on the job training* gehad?
- A:** Ja.
- V:** O, oukei.
- A:** Ons departement kyk nou daarna om vir ons, vir ons jare ondervinding *ge-credit* te word, en ons moes nou 'n ding ingegee het Januarie, om te kyk of ons, met ons ondervinding en ons *papers* wat ons geskryf het, 'n diploma kan kry by die *Tech* – weet, dat jy nie hoef te gaan studeer nie, maar dat jy net een of twee projekte hoef te doen en dit dan te kry. So hulle is besig met die proses op die oomblik.
- V:** O, oukei; dis fantasties.
- A:** So ons sal maar sien wat gebeur daar; ja.
- V:** Dan gaan ek bietjie oorskakel na die reise af. Julle het nog elke keer met die Agulhas gekom?
- A:** Ek het nog elke keer met die Agulhas gekom, behalwe in ... op die *summer surveys* waarop ons was, was twee keer op die Africana gewees.

- V:** Oukei. En kan jy onthou wie was die kaptein gewees? Of die kapteine altans.
- A:** Ek kan onthou in ... Heel in die begin was Kaptein Leith gewees, en ...
- V:** Rêrig?
- A:** Maar, jy weet, op die Agulhas meng jy mos nie eintlik met die offisiere nie. Dis nie soos die Africana, wat jy die mense leer ken nie. So ek het hom nooit eintlik r rig leer ken nie. En toe het Kaptein Hall ... was op die Agulhas eenkeer, en ek ken hom van die Africana af, so ... Weet, dan het hy van ons ... Ek onthou, hy het my eenkeer genooi vir 'n drankie in die offisiers-*bar*, en ek het 'n offisi le koevertjie met my naam op, geskrewe uitnodiging gekry, want hy't al die span ... die groepleiers het hy genooi, en dit was vir my so spesiaal eintlik, want jy kry hierdie half soos outydse briefie. En ons almal het opgegaan boontoe en 'n drankie gedrink en *snackies* ge et en so aan, so dit was ...
- V:** Lieflik; wow!
- A:** Ja, dit was iets spesiaal. En toe was daar 'n jonger kaptein ...
- V:** Ek dink iemand het ges  ... Tate?
- A:** Nee, dit was nie Tate nie. Dit was Jonathan ... ek kan nooit Jonathan se van onthou nie. Hy was *gefire* die slag toe die Gough-*trip* ... iemand doodgesteek is met 'n mes, was hy ook die kaptein. Jonathan ... Ek sal miskien nou-nou sy van onthou; ek kan nie nou sy van onthou nie. En Freddie was al kaptein; en nou's Gavin ons kaptein. En dan op die Africana was Kaptein Hall die eerste keer; en dan die tweede keer ... 2008 ... Weet jy, nou kan ek ook nie sy van onthou nie, want hy's ook al weg by ons departement ... Ek kan onthou hoe hy lyk, maar ek kan nie sy van onthou nie.
- V:** Ag, dis orraait. Was jy ooit Gough toe?
- A:** Nee, ons het nie 'n projek daar nie. Ek sal baie graag wou gaan, maar ons ...
- V:** Nie op die stadium nie? Oukei. Nou op die skip af, wat doen julle gewoonlik?
- A:** Ek's die eerste twee dae seesiek ... !
- V:** Nog steeds?
- A:** Ag, weet jy, ek het nooit seesiek geraak nie, tot ek eenkeer 'n oorprobleem gekry het, en nou's my balans seker so bietjie uit. Dit vat my so twee dae om my seebene te kry. So ek vat of werk saam – ons sit baie buite met die v rkykers, kamera's; neem foto's van die vo ls ... kyk soos 'n moederhen na al my mense wat afgaan, want almal is gewoonlik seesiek: probeer vir hulle buite kry en vir hulle bietjie die vo ls te wys – wat is wat, en so aan. Maar verder rus ons maar vir daai 5 dae, tot ons hier kom en dan raak dit baie besig! So ...
- V:** Nee goed. Kan jy enigsins ... want soos jy ges  het, jy't al 'n paar keer afgekom ... Was daar ooit iets, enige insident op die seevaart, waaraan jy nou kan dink?

- A:** O, jissie ... insidente?
- V:** Ja.
- A:** Soos ... ? Nou vra jy my vas. Laat ek bietjie dink hieroor. Ag, daar gebeur altyd baie goed. Ons het met die *summer survey*, het Marthan mos sy ribbes gebreek en sy ...
- V:** Rêrig?!
- A:** Ja. Ag, weet jy, die see was baie rof, en ons moes omdat dit ... Die Africana het nie 'n helikopter nie, so jy moet ... onder op die punt laat sak hulle daai *crane*-ding, met daai ... So jy moet daar afgesak word en dan moet jy op die *rubber duck* klim. En die see was baie rof en hy het ... Die ding was nog besig om te sak, en toe hy klim, toe hak sy voet. En toe val hy ...
- V:** O, gits!
- A:** En hy't seker so hoog soos die dak is, het hy geval en ... Ons het gedink hy's dood. Ek meen, ons almal het gestaan en kyk; ons het die slag gehoor. En reg op die voorkant was 'n krat met al die ankers en goed in, en hy val toe op die rand van die krat – gelukkig het hy 'n *life jacket* aangehad. Maar daar's so 'n *grappling hook* – dis so dinge wat sulke punte opstaan ...
- A:** En hy't hom met só 'n stukkie gemis.
- V:** Goeie genugtig!
- A:** En die ou wat saam met hom in die boot was, hy't net gedink hy't ... Want ons het gedink dit gaan deur sy long gaan; en toe sê die ou vir hom 'lê net stil', en toe kyk hy en toe sien hy nee, oukei, daar's nie bloed nie, en toe help hy hom op. En toe't hy nou vir ons gewys hy is reg. En toe ons op die skip kom, toe's hy baie seer en ... Hy't 5 ribbes gebreek – het hy eers in die Kaap uitgevind; hy't sy knie seergemaak. Ons het hom in die dokter se *cabin* gesit en hom laat regop sit, want hy kon nie opstaan om toilet toe te gaan nie; mense moes hom help. Ek het maar ook soos 'n moederhen vir hom kossies gevat en ... Hy spot nou nog, weet, hy het die eier geëet en gemors oor sy hele borskas; dan kom ek, dan vee ek maar weer af ... !
- V:** (Lag.) Ai!
- A:** So dit het gebeur op daardie *trip*. Ander goed ... ? Ag, weet jy ... Ek dink die een kaptein, die een wat *gefired* was, hy was bietjie wild. Hy het baie swak maniere gehad; gevloek oor die radio's en ... Vir my is 'n kaptein amper iets half bo almal, en ek sien hom ... ek is grootgemaak, jy respekteer hom. En hy was net ... Dit was rêrig erg. Ek meen, almal kan die radio's luister en hy sou rêrig gevloek het. En hy was onbeskof, en dan kom drink hy in ons *bar*, of half dwing jou om hom te nooi, en dan mors hy wyn en ... Dit was baie erg. Dit was vir my 'n verskriklike ding om so 'n kaptein op die skip te hê. So dis nou nie eintlik 'n

“insident” nie, maar dis ... Dit was vir my baie swak gewees. Ja, ek kan nou nie eintlik dink ... dis nie ‘n insidente nie – ek was al twee keer Prins Edward-eiland toe.

V: Rêrig?

A: Ja!

V: O, lieflik! Is dit ook vir *surveys*?

A: Ja. Ons was op ‘n *summer survey*, 2008, en toe’t ek gebly op die eiland. En laas jaar, met *takeover*, het ‘n paar van ons eiland toe gegaan vir ‘n paar dae.

V: Fantasties!

A: So dit was baie lekker. Insidente kan ek nie nou dink aan iets nie, behalwe soos die *Gough-trip*, wat daar iemand gesteeek was, maar dit was nou nie op ons nie ... En ek weet, op die eerste *trip* van die Agulhas –jare terug – was daar mos ook ‘n ou met ‘n byl gekap op die skip. Maar ek was nie daar nie.

V: Oukei, goed. Hoe was die seevaart? Hoe is die seevaarte gewoonlik?

A: Die seevaarte is lank, langdradig. Al wat jy doen is eet. Jy kyk net wat is op die *menu*. Laas jaar het ons ... het die een enjin gebreek op pad eiland toe, en ons het 10 dae geseil Marion toe. En hulle het ook besluit, gaan ons nou; gaan ons nie. So ons het tussen die 40ste en die 39ste graad op-en-af gery.

A: Dit was ‘n nagmerrie. Ons het nie geweet watter kant toe ons gaan nie. So dit was aaklig; dit was nie lekker nie. Terug het ons 7 dae gery. So dit was lank. En ons het ook rowwe see gehad. Ek bedoel, ek was al in 12 tot 14 m swelle ... Ek weet die jaar voor dit, ek dink in 2007, was dit 18 m swelle.

V: Ha, genugtig!

A: Ja. So die seevaart vir my is ... Jy kan nie wag om hier te kom nie. Dis nie vir my lekker nie. En op pad terug is nog erger, want dan wil jy net by die huis kom. Maar op pad hiernatoe is nog ... almal is opgewonde en dit is oukei. Maar dis vir my baie langdradig en dis vir my ... Baie keer, soos nou, is dit beter, want hulle hou mos die *talks* op die eiland, maar toe was dit op die skip. En jy voel siek en dan moet jy sit en luister na hierdie *talk*, of jy moet een gee ... En dit is vir my baie erg gewees. So ek is maar half sleg op die see. Ek lê baie; ek lees baie. Ek voel nie goed nie, so dis nie vir my lekker nie.

V: Goed. Nou, toe jy nou die eerste keer hier aankom in ‘97, wat was jou eerste gedagte?

A: Wel, ek gaan baie eilande toe, en ek het uitgekóm by die skip en ek het hierdie plek so gekyk en gesê daar’s nie ‘n kans dis ‘n eiland nie; dis te groot. Dit was soos wow! Daar’s berge, daar’s sneeu ... Dit lyk soos ‘n *peninsula*; dit kan nie ‘n eiland wees nie. En toe ek dink ek moet om hierdie ding stap ... Dit was net vir my ... Ek dink dit was half ‘n skok om te sien hoe groot dit is, maar ... Ja maar, dis net so anderste wêreld, en dit is so mooi. Dit

- is rêrig ... Almal is opgewonde as hulle dit sien, en die koue ... Dit was net wow. Teenoor ons klein eilandjies aan die Kaap ... Ja, dit is ... Dit was fantasties. En hoe meer ek kom, hoe meer voel dit vir my soos huis. Nou voel dit bietjie anderste, die nuwe basis, want ek voel nou half of ek op 'n ander plek is. Maar 'n groot stuk van my hart lê op hierdie eiland.
- V:** Goed. Nou toe julle nou hier aankom, hoe was daai ... toe julle nou die span sien, hoe was die interaksie met hulle?
- A:** Dit was nog op die ou ... Almal het ... Dit was nogal snaaks gewees, want dit was nog by die ou *heli-hangar*, of die ou *helipad* gewees – daar was nie rêrig 'n *hangar* gewees nie. So almal het plat gelê as die helikopter kom land, en die goed wat nou net afgelaai is, weet, het hulle daarop gelê dat dit nie moet wegwaai nie. En ek het afgeklim van die helikopter en hierdie mense het opgestaan en vir ons kom ontmoet. En almal lyk dieselfde, want hulle baarde is ewe lank en hulle hare is ...
- V:** En dis net hierdie klomp mans, ja ...
- A:** Ja, daar was twee vrouens; die res was mans gewees. En dit was net ... Jy voel so half ... Ek weet nie; dit het baie snaaks gevoel. Maar almal is so bly om jou te sien, alhoewel hulle jou nie ken nie. En hulle druk jou sommer amper. Ek het so in die eerste paar dae deurmekaar geraak oor wie's wie, want almal het vir my so dieselfde gelyk, maar dit was ... Ons was toe, my eerste jaar was daar 60 mans en 4 vrouens op daai hele *trip* gewees.
- V:** O, gits!
- A:** Ja ... So dit was ... Dit was anders. Ja, dit was net anders as nou, en jy kom hier en daar's 'n *hangar* waar jy kan ingaan en al jou goed invat. Daai tyd was dit so half wild, jy weet. En jy moes al die goed op trollies laai en afvat na die ou basis toe ... Ja, dit was ander dae daai!
- V:** Nou goed. Jy het dan nou veilig op die eiland aangekom ... Hoe verloop jou dagprogram, jou dagroetine?
- A:** Daai tyd of nou?
- V:** Sommer al twee; hoe dit verander het ook.
- A:** Ag, weet jy, in die begin is jy mos nou maar ... Die eerste keer hier is maar deurmekaar, want jy ken nie die plek nie; jy ken niks rêrig waar ... die projek so goed nie. Jy leer maar self. Nou is dit ... Ag, jy's so gewoond aan alles al klaar, en jy probeer alles so goed as moontlik verloop. En jy is so bly om jou span te sien wat jy laas jaar gebring het, wat nou goed gedoen het. Ek probeer maar altyd vir almal 'n ou presentjie bring van die Kaap af ... En ek beplan my werk. Ek beplan dat alles gedoen word wat ons moet doen, want daar's baie om te doen. Daar's baie veldwerk, en die arme nuwe mense ... alles is vir hulle ... Hulle is soos sponse; alles is vir hulle vreemd. En name en plekke en diere ... jy kan sien hulle stres, so ek probeer altyd almal gelukkig hou en net die werk gedoen kry. Ons vat dit

baie keer dag vir dag, want dit hang van die weer af en daar's baie wat ons binne ook moet doen, en buite, so ek probeer my span altyd ... elke dag verduidelik wat ons gaan doen en wat is die plan vir môre, en sulke tipe goed. So dit wissel maar. Ek doen nie meer altyd 'n *round-island* nie, so ek stuur die mense so gou as moontlik op 'n *round-island*, dat hulle kan leer waar die werk is en al daai dinge, en dan sodra hulle terug is, dan doen ons al die ander werk. So elke dag wissel maar.

V: Oukei.

A: Dit was natuurlik anderster daai tyd, met die *bird lab*, want almal was daar en dit was jou kantoor; dit was ... Maar nou is dit nou ook weer, soos jy weet, anderster.

V: Ja.

A: So dis nou 'n aanpassing om weer ... om 'n nuwe roetine te kry.

V: Ja, ek sal netnou daarvoor uitvra.

A: O, oukei.

V: Goed. Nou wat is die uitdagings daaraan verbonde om op 'n plek soos hierdie te bly en te werk?

A: Ek dink jy moet gemotiveerd wees. Ek dink jy moet ... Dis *tough*. Dis nie vir enigiemand bedoel nie. Ek het baie van myself geleer. Ek het, my heel *trippie*, net voor ek gekom het, het ek 'n Oprah *show* gekyk en daar was hierdie ou wat teen *Mount Everest* geklim het; en hy het half doodgegaan en die *rescue* span het verby gekom en ... Hy't nie meer 'n neus nie; hy't nie vingers nie. Hulle het gedink hy's dood en hy't daar gelê, en hy't probeer sy hand optel om vir hulle te wys hy lewe. En toe dit val, toe val sy vingers af, maar toe's hulle klaar verby. En op pad terug het hulle hom gevat en hy't oorleef, maar hy's nou so half ... lyk nie goed nie. En toe ek hier kom en ons stap daai eerste keer Kildalkey toe in, ag, 60, 70 knope wind, en jy's moeg, en ons is drie meisies – ons was net drie meisies wat gegaan het, en die enetjie was so maer meisietjie, Michelle, en as ek omkyk, is sy weg. En dan moet ek terugdraai en ek moet haar hand gaan vat. En dan moet ons oor hierdie berge gaan in hierdie wind. En op 'n stadium was ek so moeg, ek het gedink ek is nou nie soos daai ou van *Mount Everest* nie; ek gaan nou my slaapsakkie hier uitrol en ... *bye ma, bye pa*; ek gaan nou net hier bly lê, ek wil nie meer verder gaan nie! En dan natuurlik sê hulle altyd vir jou 'nog net een heuwel', wat jy nooit kan glo nie – daar was seker nog 50 heuwels – maar ons het dit gemaak. En ... Ag, dit is moeilik. Ek dink rêrig waar, die plek is meer in jou kop. Jy moet jou kop reg hê om hier te *survive*. As jy nie jou kop reg het nie, dan gaan jy dit nie maak hierso nie. En ek dink vir mans is dit miskien makliker, wat in die *army* was, want hulle weet jy dink jy's nou op jou einde en dan kan jy 100 keer nog verder gaan. Maar ons het dit nooit rêrig geleer as vrouens nie, so ... Ek weet nou, ek kan dink ek is nou heeltemal klaar en moeg, maar jy kan nog verder. En dan is jy so moeg geloop en jy kan nie meer nie, en dan kom jy by hierdie pikkewynkolonie uit,

soos by Kildalkey of Swartkops, en dis net wow! En jou moegheid is weg. Maar dis *tough*. Ek dink ... Mense verbaas my wat dit nie maak nie; daar's mense verbaas my wat dit maak. Maar dit gaan in jou kop; dis alles in jou kop dink ek.

V: Nou wat maak die lewe hier die moeite werd?

A: Die lewe die moeite werd ... ? Ek dink ...

V: Of ja, die tyd op Marion.

A: Vir my is die lekkerste tyd, is as ek met die albatrosse en die goed gaan werk, en dis sone 4 en daar's niemand anderste daar nie, en dis net ek en hierdie diere. Dis amper soortvan vrede. Ek weet nie. Dis net ... Alles is mooi; alles is skoon. Ek dink ons is so *privileged* om, die handjievul mense wat hiernatoe kom, om so iets te beleef en net hier te wees, dat dis definitief die moeite werd, al is jy moeg en al sukkel jy om te loop ... Dis net ... Alles is so fantasties dat ... Dis so mooi. Die plantegroei is so anderste as op ander plekke. Die diere se *behaviour* ... As ons sit by die *King penguins* en hulle kom net na jou toe aangeloo, want hulle is nuuskierig – hulle hardloop nie van jou af weg nie. Ek dink jy leer jouself ken. Jy besef wat sit in jouself om hier rond te beweeg en dit te maak. En jy kan met die diere werk. Ek dink dis 'n fantastiese plek.

V: Baie goeie antwoord. Nou wat is jou gunsteling dierestories, of avonture wat jy met die diere gehad het? Want ek bedoel jy werk, of jy het al immers baie nou gewerk, met die voëls.

A: Ag, weet jy ... Vir my ... Dis moeilik, want hulle is almal so spesiaal. Ons het die albatrosse gevang, en dis net daai groot, massiewe voël en hy is so rustig. Jy weet, hulle byt jou nie; hulle is ... Ek het 'n sagte plekkie vir hulle almal eintlik, maar ek het nou hierdie keer, het ek vir die eerste keer 'n *King penguin* gehanteer en dit was nogal 'n storie en 'n half, want hulle is nogal sterk. Maar net ... Al die pikkewyne ... Pikkewyne is maar my gunsteling, so ek kan nie eintlik kies tussen die vier nie, want die *King penguins* is baie mooi en jy neem tonne foto's, maar hulle is baie dom ... ! So, jy weet, as hulle op die strand staan en hulle loop in daai *kelp* en hulle voet hak vas en hy bly op dieselfde plek so staan en staan – dis baie snaaks. En die *Rockhoppers*, hoe hulle kan spring is vir my ongelooflik. Ag weet jy, alles ... Waar die *Macaroni's* broei en hulle almal broei ... hoe hoog hulle kan klim, daai klein lyfietjie ... Dit is net ... Ek kan nie eintlik 'n keuse maak nie; ek dink al die pikkewyne is maar die beste. Die *Gentoo's* is *beautiful* – skaam maar *beautiful*. Ek kan nie rêrig sê ... Alles is vir my lekker! Die *night birding* is nie so lekker nie, want dis koud, maar dit is ook – jy sien weer ander spesies en ...

V: Nou wat behels dit?

A: Ons vat 'n lig – dis amper soos om 'n mot te lok na 'n kers toe. Dit moet half donker wees, mistig, en dan gaan ons die aand uit en dan sit ons 'n groot lig wat ons skyn, en dan kom die voëls, kom vlieg na die lig toe, en dan laat jy hulle val op die grond en dan vang ons

hulle. En dan sit jy 'n ringetjie aan, meet sy kop, meet sy vlerk en al daai tipe goed, identifiseer hulle. Partykeer kan jy hulle nie laat val op die grond nie, dan identifiseer jy net watter vlieg rond, al die verskillende spesies en hoeveel, sulke goed. Wat ook natuurlik ... Tussen ons en Prins Edward-eiland ... Daar is dit baie besig. Dis wild daar met nagvoëls. So dit is ook *exciting*, maar dit is ... die pikkewynwerk is vir my lekker.

V: Nou hoe vang mens 'n albatros?

A: Weet jy, ons werk met hulle op die neste, so jy ... Ons het so stok met so 'n lang *hook* voor, wat amper soos daai skaapwagter-*hooks* lyk, en jy hak hom net om die nek en jy vat hom. Hy baklei nie rêrig nie. Die *King penguin* het bietjie baklei, so ...

V: Ja, ek wou nou juis vra hoe van mens 'n pikkewyn ...

A: Jy moet eintlik twee mense wees, want die een moet hom hak en om die nek vat en die ander een moet dadelik die *flippers* platdruk, want anderster ... hy kan ... As hy jou gaan slaan, gaan hy iets breek.

V: Oe!

A: Nee, nee; hulle slaan hard. Hulle slaan hard!

V: Ja, ek het gesien hoe hy nou die dag sy maat slaan, en jy hoor, dis so dowwe klank.

A: Ja-nee, hulle is baie sterk. Maar sodra jy hom platdruk op die grond, dan ontspan hulle weer. Dan lê hulle net daar. So ... ja.

V: Fantasties. Nou jy't nou 'n paar keer hier gekom en elke keer is nou ander mense ... Hoe is dit dan nou om elke keer 'n nuwe half spandinamiek te ontwikkel?

A: Ja weet jy, dis is ook ... Ek sê altyd ek hou nie van mense nie en ek kom nie goed oor die weg met mense nie, ek verkies die see vir die diere. Maar op die ou end van die dag doen ek nogals goed met mense. My man sê altyd vir my ek het empatie, so ek vra mense partykeer vrae wat hulle nie altyd gevra word nie. So baie keer, dan maak mense oop teenoor my. So ek maak gou vriende. En omdat ek gereeld in die situasie is waar ek saam met 'n klomp vreemde mense moet werk ... Ek weet nie, ek kry dit net reg om half in te pas en so aan. So ek maak baie goeie vriende met veral ons mense, wat vir ons werk. Ek is baie goeie vriende met meeste van hulle wat al eiland toe gekom het, en van die spanlede ... Ek dink omdat ek nou maar die ou skouertjie is om op te huil ... Ek weet nie ... Ek kies eintlik half altyd die *underdogs* ...! So ... en daar is altyd van hulle in 'n span, so ... Dis moeilik aan die begin, maar omdat jy op 'n eiland bly en almal sien jou as jy wakker word; almal sien jou as jy gaan slaap, of jy misluk of vriendelik is. Mense op 'n eiland begin ander mense baie vinnig ken en jy kan jou eenkant hou as jy wil, maar dit maar beter om met almal te probeer gesels en vriende te maak, of so iets – dit gaan dit net makliker maak op so 'n eiland. In die ou basis was dit moeiliker, want almal het bo-op mekaar gelewe; maar nou mis jy eintlik half mense, want jy loop in hierdie massiewe vertrek in en

daar's niemand daar nie! So ek dink nou gaan mense dalk meer uit mekaar uit beweeg, en nie so maklik mekaar leer ken nie. Maar ek dink omdat almal in die natuur ... lief is vir die natuur, kom mense makliker oor die weg ook; dieselfde ...

V: Gedeelde belange ... ?

A: ... tipe mense, ja.

V: Nou hoe is dit om om die eiland te stap?

A: Man, dis erg ... ! Dit is ... Ek het my eerste keer, het ek my rugsak te swaar gemaak – jy weet, jy vat nou 'n koekie seep en jy vat nou ekstra dit en ekstra dat. Ek het my les geleer en nou vat ek die minimum! En nou is dit hutte ook beter. Ek bedoel, ons kon op ons sokkies geslaap om dit droog te kry; ons het die *thermals* en die sokkies bo-oor die stoof gehang terwyl jy kos maak – nou is daar 'n droogkamer. Dit is nou so makliker. Maar dit is ... Dis maar amper soos as jy na iemand toe ry en jy was nog nooit daar gewees nie, en dan voel dit vir jou verskriklik ver; en as jy huis toe ry dan voel dit so vinnig. Jou eerste *trip* is die ergste, want jy weet nie hoe ver dit is nie. Waar daarna begin jy nou die bakens te herken en dan dink jy ag, dis net hier om die draai. Weet, nou ... En gelukkig raak mens fiks vinnig op die eiland. So dit is hel die eerste keer ... Ek het teruggekom die eerste keer en gesê ek gaan dit nooit weer in my lewe doen nie, en na twee, drie dae, toe sê ek ek is reg; kom ons gaan. Weet, ek sal nou weer gaan. Ja, dit is maar net die afstand ding, wat die eerste keer ... besef nie hoe ver dit is nie.

V: Gits ... Ek gaan volgende week op een, so ...

A: *Ouch!* Nee, want soos nou laas ook, toe ek na Kildalkey toe loop en ons is daar, en ek dink toe sjoel! wat soek ek hier? ek's klaar hier! Ek kon dit nie glo nie. Dit raak net asof die afstande korter en korter raak hoe meer jy dit doen. Maar in die begin ... Dis alles in jou kop. Jy moet maar net vasbyt en gaan. Jy gaan dit maak. As jy dink hoeveel ander mense het dit voor jou gemaak, so jy gaan dit maak. Jy gaan *suffer*, maar jy gaan dit maak.

V: Nee, dis goed ... !

A: (Lag.)

V: Nou jy't nou in die ou basis en die nuwe basis gebly. Wat dink jy van die nuwe basis?

A: Ek dink dit is fantasties. Ek dink dit is ... Ek het gedink daar gaan baie probleme wees, want in die ou tyd was daar altyd hierdie *kingdoms* – die *gogga lab*, die *bird lab*, die *mammal lab* – en almal het hulle *territory* gehad, en ek het gedink dit gaan groot probleme veroorsaak, want nou moet almal 'n *lab* deel en al sulke goetertjies. Maar dit is ... Alles werk fantasties. Almal se gemoed is anderster. Dit is net Og, dit is ... Ek kan nie dit vir jou verduidelik nie. Ek voel regtig asof ek op 'n ander plek is. Dit ... Ek het nou die dag in die ou basis rondgeleef en gedink hoe het ons in hierdie nou gangetjies *gesurvive*, in hierdie klein vertrekies? Een ding wat my pla, dis amper asof jy gee vir mense meer en

beter, en dan kla die mense oor nonsens, jy weet. Ewe skielik het ons nou 'n klomp probleme met mense wat snork, of dit of dat, waar in die ou basis, jy't nie 'n opsie gehad om in 'n sitkamer te gaan slaap nie. Jy't maar *gedaal* met die snorker in jou kamer, en dit was ... Ek meen, almal het in die gang mekaar wakker gehoes! Nou kla almal dat die kamers is nie klankdig nie en sulke goed. Ek dink Johan, my man, het dit die beste gestel. Hy't gesê dit lyk soos 'n hotel en dan verwag almal dit is 'n hotel. Nou kla hulle oor nonsens. Jy weet ...

V: O, ek sien.

A: Ek is so gelukkig hier. Ek ... Ons kantoor is *beautiful*; ons kamer is *stunning*. Dit is ... Niemand kan rêrig kla nie. Dis fantasties. Ek dink rêrig die mense wat kla, is wat niks gewoond is nie, dink ek. Want laat hulle bietjie daar anderkant gaan bly, dan sien hulle hoe was dit.

V: Nou hoe dink jy verskil die mense se houdings vanaf die ou basis tot die nuwe basis?

A: Ek dink, omdat dit die eerste keer is dat ons hiernatoe kom, het almal gekom met 'n oop gemoed, want almal het dalk moeilikheid ... gedink daar kan dalk moeilikheid ...

V: ... verwag ...

A: ... verwag. Maar almal ... Ek is baie verbaas oor hoe mense dit aanvaar, mense wat al jare eiland toe kom. Maar dit is so fantastiese fasiliteit – jy kan nie anders as om 'n goeie gemoed te hê nie, jy weet. Alles is skoon; alles is ... Dis net lekker. Ek het gedink die *skivvies* gaan erg wees, en alles werk so fantasties – die plek bly skoon. Nee, ek dink mense se gemoed en almal ... Dis goed. Ek is bly dit werk uit soos wat dit uitwerk, want rêrig waar, ek het op 'n stadium gedink dit gaan nie so goed wees nie. In die ou tyd, omdat almal in hulle *labs* gebly het, of *gesocialise* het, en *whatever* hulle gedoen het in hulle *labs*, het bittermin mense gepraat met mekaar. Jy't verby mekaar gelewe; jy't mekaar nie geken nie. Jy't vier, vyf keer op die dieselfde *trip* gekom, maar jy't nooit twee woorde met dieselfde persoon gepraat nie. Maar nou word jy half geforseer, omdat jy net werk in die kantore en in die *labs*; jy *socialise* nie. Jy moet in sekere areas jou wyntjie drink of wat ook al.

So nou ... Ek dink dit werk baie goed uit. Ek dink nou kry jy half ... oukej, ek is nou af; ek gaan nou in die *bar* sit – en jy ontspan, waar voorheen was al die akkommodasie was om dit en mense het geraas en mense kon nie slaap nie ... Jy beweeg nou weg van die geraas af as jy wil gaan slaap, en ... Nee, ek dink die plek is rêrig fantasties en ek dink almal geniet dit. Ek dink ... ja, dis *great!*

V: Nou goed. Nou hoe't die manier wat julle met Suid-Afrika gekommunikeer het oor die jare verander?

- A:** Weet jy, ek is baie geskok om mense met hulle selfone te sien rondloop – met die Blackberries kan jy mos nou *messaging* doen – en dit pas vir my glad nie in hierso nie! Ons het maar altyd eenkeer ‘n oproep gemaak. Ek het maar my familie gebel eenkeer, een of twee keer, gedurende die vyf weke wat ons hier is. Later jare het *emails* gekom; *email* sukkel mos nou maar ‘n bietjie, maar nog steeds. Weet, ek dink die kontak is amper te veel nou. Ek dink dis nie goed vir die spanne dat hulle soveel kontak met die land het nie. Oukei, dis nou lekker as jy nou in ‘n verhouding is of so, maar daai tyd moes ... Ek onthou, in '94 het ons eenkeer ‘n maand, het ons gebel. Dan bel ons uit ons kantoor uit en dan praat ons nou met sê maar ons spanlede, en dan kom sy meisie en sy ma en pa na my kantoor toe, en dan as ek nou klaar gepraat het, dan praat sy meisie, en dan praat sy ma en pa. En ek het gewoonlik uitgeloop as dit hulle tyd is, maar die arme meisie het daar gesit ... die ouers het daar gesit terwyl sy met hom praat. Ek bedoel, jy't eenkeer ‘n maand wat jy met die ou kan praat ... ! So ek dink dinge het baie verander. Maar toe het die mense ... Die spanne was meer naby mekaar. En ek dink daar was minder nonsens gewees, want daar was nie van buite af invloede nie. Nou, as jy nie van jou span hou nie, ag, *so what?* Ek *email* my familie of Facebook of *whatever*. Jy weet, ek het nie nodig om te *bond* met die span nie. En ek dink dit veroorsaak probleme. Dit is lekker, maar dit veroorsaak ... Hierdie selfoon-ding is vir my absoluut ... Dit werk nie vir my hier nie! Ek weet nie ...
- V:** Ja, ek moet sê, ek is nogal bietjie bitter dat die ouens met die Blackberries nou al die satelliettyd gebruik, want nou kan mens nie ... ! Nou's die *Internet* stadiger.
- A:** Hulle moet dit eintlik maar verban. Hulle moet maar ‘n reël maak en sê ... Ek bedoel, *takeover* is net vyf weke; rêrig waar, hulle Maar elk geval ... Ja, ek ... Ek dink hoe minder kontak met die land, hoe beter. Dis hoe ek dit sien!
- V:** Ja, wat; ja. So jy was ook hier gewees tydens konstruksie-*voyages*?
- A:** Ek was net die een. Ons was net vinnig hier en ons was ag, jy weet, ons was seker vyf of sewe dae op die eiland. Wat lekker was, dit was in Augustus, en ek kom nooit in Augustus hier nie. So ek het die sneeu gesien. Hier was bitter min voëls. Hier't nie veel aangegaan nie, maar ons het sulke kameras kom insit hier om die neste, die *Bering petrel* se neste, te kyk. En ek het die kontrakwerkers wat dit vir ons gedoen het, gebring. En dis omtrent al wat ons gedoen het. Ek het amper nooit gaan loop nie, want ons was heelyd besig met hulle. Maar dit was lekker om die eiland so te sien, want dit was wit gesneeu en ... Maar dis al konstruksie waarop ek was.
- V:** Maar jy het ook gesê jy was hierso in 2006?
- A:** Ja, vir die *takeover*.
- V:** Ja, en was hulle toe reeds besig met die basis?
- A:** Ja. Dit was nog net ‘n dop, maar ...

- V:** Dit het darem al gestaan?
- A:** Ja.
- V:** Nou watter tipe interaksie, *if at all*, het jy en die ouens, die *birders*, gehad met die ouens van *PWD*?
- A:** Ag weet jy, ons kom nou al 'n lang pad, wat ons op baie *trips* kom, so ons kom baie goed oor die weg met Adriaan – of ek kom baie goed oor die weg met Adriaan – en Giel en Heine – al die base van *PWD*. Soms het dit my baie geïrriteer met *PWD*, want hulle kry voorkeur – dis amper soos 'n *untouchable*, so hulle kry eerste kos; hulle kry die meeste kos; hulle kry ... Jy weet, ek voel baie keer die span moet prioriteit kry, nie die besoekers nie. En alhoewel hulle nou gewerk het op hierdie projek, voel ek hulle moes nog steeds die spanlede beter behandel het gedurende konstruksie. Daar was maar altyd hierdie wrywing tussen die mense en ... Ek bedoel, daai een jaarspan van 2006/2007 was nie een dag alleen op die eiland as 'n span nie; daar was altyd konstruksie, deur die hele jaar.
- A:** So ek dink dit moet ... Oukei, die meeste van hulle was hulle eerste keer hier en hulle het nooit anderster geweet nie, of anderster geken nie, maar ek dink dit kan nogal struwelinge veroorsaak. Baie van die *PWD*-mense is baie *nice*, maar baie kan dalk – omdat hulle nou kroonwild is amper! – neem hulle jou spasie op dink ek. As jy dalk 'n spanlid is, dink ek moet dit nogal 'n probleem wees.
- V:** Ja, veral as jy nou verwag het jy gaan nou ...
- A:** Alleen wees, ja.
- V:** Ja, dit maak sin. Nou, in al jou betrokkenheid, is daar enige insidente waaraan jy ... slegte insidente wat dalk gebeur het terwyl jy hier was?
- A:** Nie terwyl ek hier was nie ... Ek kan nie eintlik dink aan rêrig slegte goed ... behalwe toe Marthan nou geval het daai slag. Ek weet daar was ... Ons het al probleem-spanlede gehad, wat nie hulle werk gedoen het nie of ... Een het sy naam gaan verf op 'n klip, wat Nico moes gaan skoonmaak die volgende jaar, want hy was die *conservation officer*. Weet, sulke tipe goed het al gebeur, wat mense is wat nie die plek respekteer nie. Maar slegte insidente ... Ek kan nie rêrig dink aan iets erg of so wat gebeur het nie; nee.
- V:** En is daar enige insidente waaraan jy graag terugdink, positiewe ervarings?
- A:** Ag weet jy, dit is eintlik maar ... Om vir jou 'n voorbeeld te gee: die eerste ou wat vir ons hiernatoe gekom het, Anton – hy was lank die bestuurder op Dasseneiland en ons het altyd gepraat van Marion, en dan kry almal maar blink in hulle oog. Dit is ... Ek kan nie aan een insident dink nie, maar die plek doen dit aan jou. En toe Johan nou by Anton oorneem, my man nou, toe het hy altyd geïrriteer geraak as ek en Anton so praat oor Marion-eiland, totdat Johan saam met my eiland toe gekom het. En nou wys ons vir mense ons foto's en goed en ons begin praat en so aan, en ek kan sien die mense raak

vaak en hulle's geïrriteerd en ... Dan sê ek vir hom onthou jy daai jare wat jy nog nie hier was nie? Jy weet, ons praat met 'n passie oor hierdie plek en 'n blink in die oog, en ander mense dink daar's iets fout met jou, want jy's so ... voel oor hierdie plek! Jy weet, dit is ... Ek kan nie aan 'n spesifieke ding dink wat vir my ... waaraan ek net graag terugdink nie. Ek dink daar's so baie, daar's soveel oomblikke hier. Gelukkig vir my, kan ek en Johan sit en net vir pikkewyne kyk en *smile* en ... Jy weet, jy kyk net, en dit is *nice*. So, vir my probeer ek altyd baie uit die basis uit te kom as ek hier is, om soveel as moontlik in die veld te wees, want dis waar dit lekker is. Maar ja, dis nogals lekker, die nuwe basis ook!

V: Ja-nee wat, vir seker.

A: Ons sal moet ons nuwe mense baie motiveer om veld toe te gaan; dis so lekker hier binne.

V: Dis nogals gemaklik; ek gaan nie stry nie. Nou hoekom dink jy dit is belangrik vir Suid-Afrika om 'n basis op Marion te hê?

A: Wel, ek dink dit is so fantastiese plek, daar moet navorsing gedoen word en dit moet bewaar word vir ons. Dit moet asseblief tog net nooit toerisme raak nie. Ek het altyd gedink, toe hierdie basis gebou word en net die uitlê daarvan, het ek gedink o, jinne; hier kom toerisme. Want met my heel eerste *trippie* was daar 'n ou wat 'n *environmental assessment* gedoen het vir toerisme ... So dit was my grootste vrees, dat dit daai kant gaan draai. Ek hoop dit sal nooit nie. Vir my is dit ... Ek dink partykeer is hier klaar te veel mense. Die projekte raak al hoe groter. In '97 was daar nie paadjies nie, nou is daar paadjies orals – daar *highways* wat hier deurloop. Dit is vir my hartseer om dit te sien. Ek dink belangrik ... Die voëls is belangrik. Die voëlpopulasies gaan af; ons moet hulle bewaar. Nee, dis 'n baie belangrike plek en 'n belangrike projekte wat hier aan die gang is, maar hulle moet dit net nie laat meer uitbrei, dink ek, nie. Ek dink hulle moet dit rêrig *pristine* hou. Soos Prins Edward-eiland ook – ek bedoel, ons het nou 'n paar jaar na mekaar elke jaar eiland toe gegaan en ek dink hulle moet dit stop ook. Ek dink hulle moet dit elke vier, vyf jaar maak wat iemand soontoe gaan, om dit absoluut so fantasties te hou, sonder *aliens* en al daai tipe goed. Dit breek my hart as ek soos nou hier loop en ek sien al hierdie *aliens*, en jy moet daardeur loop – jy't nie 'n keuse nie, want daar's nie ander plek om te trap nie. En dit laat my so skuldig voel om daar te loop. Ek haat dit, want dis ... Dis vir my baie erg.

V: Dis vir my verskriklik om op die *Azorella* te moet trap!

A: Ja, maar ek bedoel, hierdie *Sagina*; ek bedoel, daar by *Sealers* is daar ... dis vlaktes wat net *Sagina* is. Ek kan nie onthou dat dit so was nie. Jy weet, vir my is dit ... dis erg. Paadjies – hierdie paadjies is vir baie erg. Daai tyd, die *conservation officer*, as hy gesien hier vorm 'n paadjie, het hy paaltjies ingeslaan, dan loop jy nie meer daardeur nie; dan loop jy nou 'n volgende paadjie, maar dan kan hierdie ry rehabiliteer. Sulke goed gebeur nie meer nie.

Dit raak net wyer en wyer. So ... Ek weet nie of hulle partykeer bietjie meer moet kyk na *conservation officers*, wat dalk nie genoeg *training* kry of so iets nie, of meer sulke planne moet hê. Maar ja, ek dink Marion-eiland is belangrik, om mense hier te hê.

V: Nou in verband met die *conservation officer* – hoe lank stuur hulle al *conservation officers* af?

A: Vandat ek hiernatoe kom, stuur hulle elke jaar iemand; ja.

V: Oukei. Nee, ek wonder maar net wanneer dit nou ingestel is, maar ... Wat is die grootste wanopvatting wat daar is ook Marion?

A: Wat is die grootste wanopvatting ... ?

V: Ja. Mense dink mos partykeer ...

A: Wel, een van die metkassies het gedink daar's 'n mol op die eiland! Nou nie hierdie jaar nie, maar een van my vorige jare ... Ek dink mense besef nie hoe klein 'n mens is as jy hiernatoe kom nie. Ek dink hulle besef ... Dis seker nie die regte antwoord vir wat jy vra nie ...

V: Nee, dit is ...

A: Maar ek dink dis die weersomstandighede ... besef die mense nie altyd waarvoor hulle hulleself inlaat nie. Want dit is erg hierso. Ek meen, ons het al platgewaai op die grond, dat jy nie kan opstaan nie, en sulke tipe goed. My *beany* en my rekkie het al half uit my hare uit... my *beany* van my kop af, my rekkie uit my hare uitgewaai, so sterk is die wind. Ek weet nie eintlik hoe om dit te antwoord nie. Ek dink mense besef nie hoe intens die eiland is nie, weet. Jy kan vir hulle sê die wind gaan waai en dit gaan reën elke dag – soos nou; ons is nou 'n week hierso, of hoe lank is ons nou hier? en dit was die beste weer wat ons nog ooit ... wat ék nog ooit gehad het met 'n *takeover*. En toe dit nou vandag so reën, toe sê van my groepie mense, wat hier is vir die eerste keer, ja maar dit reën ... Toe sê ek: "*Welcome to Marion Island!*" Jy weet! Dit is hoe dit is hierso. En hulle wou nie uitgaan veld toe nie. Toe sê ek trek jou baadjie aan; julle gaan! Jy weet, dit is nou maar net hoe dit is! So miskien is dit dit. Ek weet nie rêrig wat die wanopvatting is nie ...

V: Beskryf Marion.

A: Beskryf Marion ... Dit is groot ... ! Ek dink dit is ... As ek dit nou vir iemand moet verduidelik, dan sê ek altyd vir hulle dis baie groot, dis moeilik om te loop, maar dit is *beautiful*; dit is ... Daar's berge met sneeu. Daar's hutte om die eiland. Daar's fantastiese voëlkolonies. Jy's na aan die natuur. Die wind waai sterk. Dis koud! Ek's baie lief vir die plantegroei hierso, die *Blechnum* en die *Acaena*. Dis vir my so mooi hier. Dis ... Beskryf Marion ... ? Dit het aaklige *black lava* om in te loop! ... Ja, dit is net 'n baie mooi plek en 'n baie tawwe plek. Dis ongelooflik dink ek. Soos ek sê, 'n mens los 'n stukkie van jou hart agter.

- V:** Dis waar. ... Amper aan die einde ... Wat is die moeilikste ding daarvan om hier te wees?
- A:** Om terug te gaan! Dit is. Vir my is dit om terug te gaan! (Lag.) Die moeilikste is ... Ja ... Ek dink jy't nie altyd tyd vir jouself nie, want daar's altyd mense om jou. Veral as jy groepleier is, moet jy die altyd *deal* met almal se probleme – en daar is altyd probleme. Ek sal net wil kom en ... Ek sal graag vir 'n jaar wil kom en ... Maar ek dink die interaksie in die basis met almal ... Ek sal eerder in 'n hut gaan bly die hele tyd wat ek hier is. Ek dink dis vir my moeilik: ek kry nie tyd vir myself nie. Ek sal net wil gaan stap op my eie en net daar buite wees. Maar ons het te veel verantwoordelikheid terwyl ons hier is en te veel *training* om te doen om net te gaan stap. Ek is op my gelukkigste as ek alleen daar in die veld is. So dit is vir my moeilik ... Om al die verantwoordelikhede en ... almal gelukkig te hou en al die werk betyds klaar te kry ... dink ek dis nogal hard. Maar dis so fantastiese plek, so jy kry soveel bevrediging net om daar buite te wees, dat ... Maar ja, dis moeilik om huis toe te gaan!
- V:** En wat is die maklikste ding daarvan om hier te wees?
- A:** Om in wind en weer te gaan werk. Jy weet, dis ... net om daar buite te wees; dis die maklikste, dink ek.
- V:** Is daar ... In die *takeovers* wat jy al meegemaak het, was daar ooit enige geskiedkundige gebeurtenisse waarvan julle toe nou eers bietjie later gehoor het, of so?
- A:** Nee ... In die jaar wat ons ... Een *takeover* wat ek op was, in daai jaar het hulle mos nou so half valse ... wat noem mens dit? ... vulkaanuitbarstinkie gehad, wat hulle rook gesien het, maar dit was nooit rêrig ... Twee spanlede het dit gesien en hulle het basis toe gekom en vir almal gesê hulle moet kom kyk, en niemand... het belanggestel om uit te gaan nie. Toe't hulle soortvan die hele ding gemis. So ek weet nie rêrig of daar iets gebeur het nie; ek weet nie of dit net ... Maar dit was seker so 2006 se kant, daar iewers, gewees. Maar geskiedkundig ... ? Ek dink ons gaan nou deur 'n geskiedkundige tyd, want dis 'n nuwe era, 'n nuwe basis. Volgende jaar is dit 'n nuwe skip. So ek dink dis nou aan die gang. Ek het gaan stap nou die dag en dit voel hartseer om te sien hoe die ou basis uitmekaar uit val, en dis 'n ou era wat nou weg is, vir altyd. Ek weet nie of enigiets is wat hulle nou op die wrak gaan duik, of dit dalk iets beteken nie ...
- V:** Sal maar nog sien.
- A:** Ja. Ek kan nie rêrig dink aan 'n geskiedkundige gebeurtenis nie ...
- V:** Of enige nuusgebeurtenis?
- A:** Terwyl ek hier was ... ?
- V:** Ja, dis natuurlik altyd 'n ander storie as ... want 'n mense is so besig hier. Jy kry nie altyd tyd vir nuus van die buitewêreld nie?

- A:** Ek het een *takeover*, na die *takeover* teruggegaan, en ons moes vir ons plastieksakke betaal by die winkels ... !
- V:** O, ag!
- A:** Waar toe ek weg is, moes ons nog nie betaal nie! So daar was 'n verandering toe gewees ... ! Maar weet jy, dis maar moeilik met my, want my hele lewe lank is ek nie veel gepla oor die nuus nie. Ek's meeste van my tyd op eilande waar daar nie TV's en radio's is nie, so jy vind altyd laat uit van iets wat gebeur het. So ek's maar altyd half agter met geskiedkundige goed.
- V:** So op watter ander eilande was jy al?
- A:** Meeste eilande in Suid-Afrika, van Port Elizabeth reg om Namibië toe. En ons was al op Latham-eiland in Tanzanië gewees.
- V:** Lekker.
- A:** Ja. Dis baie *nice*. Maar ek weet nie, jong ... Ek weet daar gaan mos nou baie goed nou aan. Ek weet Prins Charles se seun trou terwyl ons hier is ... ! (Lag.) Die nagmerrie wat op Tristan op die oomblik aangaan, wat ons betrokke sou gewees het.
- V:** Hoekom is julle nie?
- A:** Ons ... Ek weet nie of jy weet dat ons nou heeltyd in die lug gehang het of ons Marion toe kom of nie hierdie jaar, want hulle wou ... SANCCOB het gevra dat ek en Johan, ons moet soontoe gaan, omdat ons deur die *Treasure oil spill* so baie gewerk het met voëls – met die vang, met mense – wou hulle vir ons soontoe vat om te gaan help, en omdat ons vir die staat werk, moes ons 'n brief kry van hulle staat, van die Britse staat af, anders is dit amper soos *tresspassing* en ...
- V:** O, is dit mense wat vra vir julle hulp?
- A:** Ja. En daar was 'n brief, maar die brief het weggeraak tussen die departemente. En ons het tot 'n week voor die skip geseil hiernatoe, was dit nog ja, ons gaan Tristan toe, en ons sou amper die Agulhas *gehijack* het om te gaan, en die *takeover* sou net drie weke gewees het. So daar het baie goed in die lug gehang, en op die ou end moes ons net 'n besluit neem. En toe het ons nog nie die brief nie en dis 'n week voor die tyd, en ons het besluit ons kom Marion toe. En hulle het nou nog 'n skip afgestuur, maar daar's nog steeds nie 'n brief nie. So dit was nou 'n goeie idee om hiernatoe te kom in plaas van soontoe. Maar dit is 'n internasionale nagmerrie, so ek sou eerder daar wou gaan help het waar ek kon as ... Ek bedoel, dit sou hartseer gewees het om nie hiernatoe te kom nie, maar ek voel jammer vir daai voëls, want daar gaan baie doodgaan en daar's nie baie mense wat gaan help nie. So ja, daar gebeur goed daar buite in die wêreld ... Ja.
- V:** Dankie. Is daar enigiets wat jy wil byvoeg oor Marion of oor jou ervarings hierso?

A: Ag, nie rêrig nie. Ek dink ek is net 'n baie gelukkige mens om dit te kan beleef en soveel keer al te gekom het, en dat ek my man kan saam met my bring op my *trips*...! En ek hoop ek sal nog baie hiernatoe kan kom en dat die voëls gaan beter doen en ons altyd voëls hier sal hê.

V: Dankie!

END VAN TRANSKRIPSIE